Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

4 Desember 2016

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Skriflesing: Lukas 1:26–38
Teksvers: Lukas 1:35
Tema: Wonderwerke van die Gees en Kersfees.

Ons sluit die reeksie oor die Heilige Gees af deur ons te verwonder oor die wonderwerke van die Gees met die geboorte van Christus en die wonderwerk dat ons daarin kan glo!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 164:1, 2 en Lied 213:1

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151:1, 2; Votum; Seën; Loflied Lied 353:1, 2, 3; Geloofsbelydenis 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wet uit dele van Lev 19; Sing Sb 9-3:1, 2; Vryspraak uit 2 Kor 5:19-21; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Sb 4-8:1, 2 (eerste mel); Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir Bediening na Buite; Sing Sb 1-3:1, 2, 3 (Mel van Ps 128); Seën; Amenlied Sb 13-2.

GROEPBEDIENING

Vanaand is daar nie ’n aanddiens nie. Ons gee aan al die groepe in die gemeente geleentheid om bymekaar te kom.

MEELEWING

- Francois de Villiers (Groep 12: 084 093 8001) het Vrydag ’n baie groot breukoperasie ondergaan. Hy word in die intensiewe eenheid van ’n hospitaal in Johannesburg behandel.
- Anneke Kruger (Groep 14: 828646760) is in Multisorg opgeneem vir behandeling.
- Mari Steyn (Groep 27: 082 850 1706) se moeder is na ’n lang siekbed oorlede en word Dinsdag in Pretoria begrawe.
- Lorette Bester (Groep 09: 084 601 0224) se ouma is oorlede en word Dinsdag in Krugersdorp begrawe.
- Susamarie de Villiers (Groep 39: 082 416 3998) het geval en moes steke kry om ’n sny aan die kop te heg.
- Ons is saam met Peet en Esta du Plooy

(Groep 33: 076 573 8250) hartseer oor die verlies van ’n swangerskap by hulle dogter.

Ons bid dat die Here spoedige beterskap, herstel en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID SUKKEL

Srs Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Anna Scholtz, brs. Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Andy en Blossom Pretorius.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Rina Seyffert (072 429 9247)

ONS GROET

- Petra Maritz wat met attestaat na Geref Kerk Die Bult vertrek.
- Daniël Maritz wat met attestaat na die Geref Kerk Die Bult vertrek
- Sandra du Preez wat vanaf 1 Jan 2017 in Viëtnam gaan werk.

BAIE WELKOM AAN

- Ed en Anette Coetsee met attestaat vanaf Geref Kerk Suidkus. Hulle woon in Laksmanstr 9B Panoramapark, groep 27.
- Con Kotze wat uit die NG Kerk opgeneem word in ons gemeente. Hy woon in Rocherstr. 84, groep 40.
- Alwyn en Doreen Victor met Alwyn en Maryke wat opgeneem word in die Geref Kerk. Hulle woon op plot 376, Oudedorp, groep 35.

AFKONDIGINGS

Vandag

09:15 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Geen kleuterbediening
Geen katkisasie
Tee en Koffie
Groepbediening

Maandag

Opruiming van Kersmark

Woensdag

Skole sluit

Die volgende name word vir goedkeuring aan die gemeente voorgehou

OUDERLINGE: Riaan Andersen, JD Aucamp, Neels Coetzer, Dawie Grobler, Willie Kruger, Johan Rousseau, Walter Schutte, Pierre Viviers

DIAKENS: Andreas Alberts, Martin Bester, Nardus v Zyl, Werner Pheiffer

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag 4 Desember

Br Reitz Esterhuizen 082 768 7706

Maandag 5 Desember

Sr Muschka Sutherland 074 519 5268

Dinsdag 6 Desember

Sr Esta du Plooy 082 532 3510

Woensdag 7 Desember

Br Deniell de Vries 082 531 2056
Sr Ment Larney 082 850 4989

Vrydag 9 Desember
Sr Mathilda Willemse **(73)** 082 375 9418

Saterdag 10 Desember
Br Joon Jonker **(84)** 084 836 5516
Jsr Inge Snyman
Sr Trui Venter **(86)** 082 535 9793

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid
- Gawe by die deure vanoggend vir die Bystandsfonds (Diakonie)
- Gawe volgende Sondag vir die Trans-Oranje (Streeksinode)
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 41 en 42.

VERLOFREËLINGS, EREDIENSREËLINGS EN KANTOORSLUITINGSDATUM

Kerkkantoor sluit van 23 Des–2 Jan 2017
Ds Piet neem verlof van 12 Des–2 Jan 2017
Ds Karel neem verlof van 23 Des–6 Jan 2017
Adele Delport neem verlof van 3–11 Jan 2017

Op Sondae 18, 25 Des en 1 Jan is daar nie aanddienste nie.

Op Sondag 25 Des is daar om **9:00** 'n gesamentlike Kersdiens by die Geref. Kerk Die Bult olv ds Fanie Coetzee.

Op Sondag 1 Jan neem prof. Nico Vorster die oggenddiens hier waar.

Ons wens almal 'n baie geseënde Christusfees toe en vir dié wat bevoorreg is om vakansie te neem: reis veilig en rus lekker.

BAIE DANKIE AAN ONS FUNKSIONARISSE

Ons wil baie graag diegene bedank wat voltyds sorg dat ons gemeente se ratte ge-olie bly en wat sorg dat ons elke Sondag eredienste kan hou en wat omsien na ons geboue en terrein. Baie dankie aan:

Die kerkkantoor: Adele Delport

Ons kosters: Johan en Elsa Coetzee

Ons orreliste: Truida van der Walt

Die kassier van die kerkraad: Pieter Lourens

Ons klank- en beeldspanne wat elke Sondag op hulle pos is

Ons skoonmaakster: Liesbet Molana

Ons tuinwerker en algemene assistent: Paul Molana

Ons waardeer elkeen van julle se harde werk en toewyding.

GELOFTEDIENS

Daar word op 16 Desember om 08:30 by NG Kerk Miederpark 'n erediens op Versoeningsdag aangebied deur ds. Okkie Cilliers.

ALMANAK 2017

Almanakke is teen R75 elk in die kerkkantoor beskikbaar vir lidmate wat dit bestel het. Dit is die Geref Kerk se jaarboek met inligting oor gemeentes en Bybeldagstukkies vir elke dag.

KENNISGEWINGBORD (ons kennisgewingbord in die Skuur is tans ontoeganklik en daarom plaas ons versoeke hier)

- Woonstelle te huur – navrae en kontaknommers in kerkkantoor.
- Konsert: KING'S SINGERS
  Die NWU bied 7 tot 17 Februarie 2017 'n Suid-Afrikaanse toer aan vir die wêreldberoemde King's Singers! Hierdie ses-stemmige a cappella groep uit Engeland is bekend vir hulle ongelooflike klank, wye repertorium en vermaaklikheid. Die konsert vind plaas in die Sanlam Ouditorium: 10 Februarie 2017 om 19:30

VROU IN DIE AMP (VIDA) KENNISGEWING

By sy vergadering op 10 November 2016 het die kerkraad die volgende aanbeveling van die VIDA (vrou in die amp)-Kommissie goedgekeur: dat die tyd ryp is vir hierdie gemeente om daartoe oor te gaan om sy eie beginselbesluit in verband met VIDA in werking te stel, sodat vroue-lidmate met die nodige gawes geroep kan word om as ouderlinge te dien. Samevattend kan weereens gestel word dat die kerkraad glo dat die Skrif geen groter beperking op vrouelidmate plaas (kyk p 9 par 10.14.4.2a van die Rapport wat op 17 Junie 2015 goedgekeur is) as dit: dat al is 'n suster 'n bedienaar van die Woord of 'n ouderling, moet sy steeds haar man se liefde, leiding, onderrig, vertroosting en beskerming hoog ag en moet sy hom steeds eer en gehoorsaam wees, net soos die gemeente aan Christus onderdanig is. Dit beteken dat solank sy slegs die gesag van Christus in liefde en nederigheid bedien, sal sy nie haar man se hoofskap in gedrang bring nie. Net so: Solank die man, as ouderling of as predikant, slegs die gesag van Christus in liefde en nederigheid bedien, sal hy nie sy selfopofferende liefde vir sy vrou in gedrang bring nie. Die kerkraad gaan voort met werksaamhede om die besluit van Sinode 2009 wat vrouelidmate verbied om in die besondere dienste te dien, in hersiening te laat neem by 'n volgende sinode.

Die kerkraad versoek lidmate om die name van vroue wat die gawes het om as ouderling te dien, by die skriba op te gee.

BEROEPENUUS

- Proponent JG Ehlers (Jan) na Meyerton.
- Proponent JG Ehlers (Jan) na Piet Retief.
- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Okahandja.
- Proponent LM Floor (Marcel) na Sasolburg.

BEROEP AANVAAR

- Dr AJ Coetsee (Albert) van Uitschot na die Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Ou Testament.

MOOIRIVIER KERSMARK

Hoe sê 'n mens vir 'n gemeente dankie vir so 'n groot projek?

'n Mens is skoon verslae as jy sien hoe hard almal gewerk het en hoe ons elke oggend weer met nuwe moed en nuwe krag kon aangaan.

Dus heel eerste ons dank aan ons Hemelse Vader vir die krag en moed om ons projek aan te pak en deur te sien. Hy seën ons met soveel gawes aan mense en middele en sonder sy genade sal hierdie projek nie kan plaasvind nie.

Tweedens: Dankie aan elkeen van die voltydse markpersoneel wat met soveel passie elke dag weer begin het, al het die voete en lyf gekla. Ons het groot waardering en sê dan met ’n groot, warm hart baie dankie!
Derdens: Dankie aan elke lidmaat wat op watter manier ook al ’n bydrae gelewer het. Dankie vir finansiële bydraes, vir hulp en harde werk en vir lang ure se opoffering.

In besonder dank aan ons Kersmarkkomitee wat maande gelede al begin beplan en leiding geneem het dat alles suksesvol kon afloop.

By alles was en is dit tog ’n vreugde om so saam te kon werk, want ons doen dit vir die Here en vir die opbou van sy gemeente! Mag die vrug van die mark ook dien tot die uitbreiding van sy koninkryk.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Ons wil ook graag ’n vriendelike versoek rig dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terugantwoord nie. Bel asseblief die kerkkantoor of stuur. ’n e-pos, aangesien dit ’n rekenaar-sms is.

Karel se preke kan ook aanlyn besigtig word by http://karelsteyn.blogspot.co.za/

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANTE & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Ds. Karel: 018 294 3067 / 072 476 8794
Kerkkantoor: 018 290 7690

Oosdoppertjie

PROP UIT

Met al die iPods, rekenaarspeletjies, flieks en ander afleiding wat daar deesdae is, kan ‘n kind ‘n hele dag deurgaan sonder om met enigiemand te praat. Kinders kan nie eintlik anders as om met hulle ouers en onderwysers te praat nie, maar hulle raak so vasgevang in elektroniese toerusting dat hulle vergeet om met God te praat.
Prop hierdie week al jou elektroniese toerusting uit, asook enigiets anders wat jou aandag kan aflei van jou stiltetyd en alleentyd saam met God. Na ‘n week kan jy ‘n spesifieke tyd elke dag inruim om saam met God deur te bring, in plaas daarvan om speletjies te speel of met jou selfoon besig te wees.

Susters

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word **vandag** in die tent bedien onder die leiding van Marinda Riekert (Groep 15), Chanelle v As (Groep 16) en Odelia Venter (Groep 28).

Volgende week skink Estelle v Hamburg (Groep 18), Elize Schutte (Groep 19) en Annetjie Vermeulen (Groep 30) tee.

Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.

MELKFONDS

Ons gemeente is bevoorreg om elke Sondag ’n heerlike koppie melkkoffie of tee na die erediens te geniet. Ons herinner graag alle lidmate aan ons melkfondshouers by die bedieningspunte. Hierdie melkfonds word gebruik om juis in hierdie voorreg te voorsien. Graag vra ons vir enige donasies wanneer daar weer heerlik rondom ’n koppie koffie of tee gekuier word. Die donasies kan in die houers geplaas word en so verseker ons ook elke week se lekker saamkuier na die erediens.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP

ONS HET VOORDUREND POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huizemark you're home

VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209
Linda Nolte
082 785 3951